# *DIT IS EK*

Ek wil hê, as julle saam met my sal blaai na Matthéüs die 14de hoofstuk. Ons wil net 'n gedeelte hier lees, vir 'n klein voorstellinkie, van net 'n paar minute praatjie voor ons die gebedsry roep. En my seun het 'n paar gebedskaartjies uitgegee 'n rukkie gelede vir die mense dat ons hulle kan oplyn, en vir hulle bid oor 'n rukkie. Blaai nou na Matthéüs die 14de hoofstuk, en kom ons begin by die 22ste vers:

> *En Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan, en voor hom uit te vaar na die oorkant, terwyl hy die skare wegstuur.*
>
> *En nadat hy die skare weggestuur het, klim hy. . . op die—op die berg om in eensaamheid te bid: en toe dit aand word, was hy daar alleen.*
>
> *En die skuit was al in die middel van die see, geteister deur* die *golwe, want die wind was teen hulle.*
>
> *Maar in die vierde nagwaak het Jesus na hulle gekom, al wandelende op die see.*
>
> *En toe die dissipels hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê, Dit is 'n spook; en hulle het geskreeu van vrees.*
>
> *Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê, Hou goeie moed; dit is Ek; moenie vrees nie.*

2 En as ek dit 'n teks sou noem, sou ek graag die teks wou neem: *Dit Is Ek*.

3 Dit moes omtrent die tyd gewees het wat die son ondergegaan het toe die groot, sterk, gespierde rug van die groot visserman die bootjie se boeg in die water begin instoot het. En soos ek hom kan sien, soos hy dit na oorkant die see gedraai het, self aan boord geklim het, en omtrent in die middel van die boot sy sitplek ingeneem het langs Andréas, sy broer, gaan sit het. En dit was deur mense aangedryf, en hulle het hulle roeispane in die water begin druk, soos dit sy klein brandertjies gemaak het terwyl dit oor die see gegaan het.

4 En, natuurlik, die menigtes wat op die oewer gestaan het, was net eenvoudig, hulle asem was weg, weggeslaan daardie middag, toe hulle groot tekens en wonders deur hierdie mense gesien het. Omtrent die hele Israel was verheug in daardie dae. En soos hulle op die oewer gestaan het, het duisende mense hulle hande gewaai en hulle gegroet, en: "Kom gou terug," soos meeste mense sou, nadat 'n groep predikers daar was, en gedoen, en opgetree het onder die mense, soos wat hulle gesien het daardie dag.

5 Ek kan my voorstel elke nou en dan, om een man sy roeispaan te sien los, terugwaai, en iemand op die oewer wat waai, en, hulle sakdoeke, ensovoorts, soos die skuitjie op sy pad oor die see begin kom het.

6 Naderhand, miskien, was hulle buite sig van die oewer af, soos die menigtes begin terugdwaal het na hulle huise, laat ons dink dit was 'n hele rukkie van stilte, niemand het iets gesê nie, skemer het begin neerdaal, dit moes die jong Johannes gewees het, as die jongste van die groep, wat ophou roei, en die sweet van sy gesig afgevee, en gesê het: "Kinders van Abraham, en broers, ons kan nou verseker wees dat ons nie een of ander soort fanatikus volg nie, dat hierdie Man net is wat Hy sê Hy is. Hy is nie 'n fanatikus, soos baie van ons mense vandag glo nie, en Hy is ook nie 'n valse profeet nie.

7 "Ek kan onthou," sou hy sê: "toe ek net 'n klein seuntjie was, toe my mooi, Hebreeuse moeder my altyd op haar skoot getel, en my die stories van die Ou Testament vertel het, hoe ons ou mense na hierdie land gebring is, en van die groot profete van ouds." Hoe hy daarvan gehou het om die storie van Elía te hoor, en die Sunamitiese vrou, met die babatjie wat weer lewendig gemaak was.

8 "En hoe my moeder vir my sou sê: 'Skat, eenmaal, was God met Sy volk, en hulle het niks kortgekom nie.' Dan een van die groot stories, wat sy altyd vir my vertel het wat asemrowend was, was hoedat God Sy volk van ouds gevoed het, toe hulle by die plek gekom het waar hulle geen brood gehad het nie, tog op hulle pos was, op hulle pad van—van Egipte na Palestina.

9 "En toe hulle geen brood vir hulle kinders gehad het, hulle niks gehad het om mee te reis, geen kos meer nie, dat God, Jehova, brood uit die Hemele laat reën het, klaar gaargemaak, en beleefd, deur Sy Engele, dit elke aand op die grond neergelê het. En hoe ons volk sou uitgaan en dit kry, en dit was in heuning gedoop, en hoe dit sou smaak, en vir veertig jaar sonder ophou, het groot Jehova God ons volk gevoed, omdat hulle op hulle pos was.

10 "En nou, broers," hy moes dit gesê het, dat "het dit nie daardie storie weer opnuut vir my gebring, vandag nie! Hierdie Man is iewers geassosieer met Jehova, want toe Hy daar gestaan, en ek op daardie rots agter Hom geklim het, en Hom daardie vyf broodjies sien neem, steeds Sy honger mense gevoed het. Daar's iets omtrent Hom wat geassosieer word met God, die Skepper, want net God . . .

11 "Ek sou wonder, en vir Moeder sê: 'Hoe kan God al daardie meel in die Hemel kry om die volk vir veertig jaar te voed? Waar kon Hy genoeg bye kry om heuning te maak, om al daardie manna in heuning te doop.'

"En my moeder sou sê: 'Seun, God is 'n Skepper.'

12 “En, broers, het dit nie julle harte vandag laat brand, toe ons daardie selfde God gesien het, met menslike hande broodjies neem…? Ek het opgeklim, en na Hom gekyk soos Hy een gebreek, dit uitgedeel het, ek het dit nog nooit net een keer sien gebeur nie, ek het dit meer as vyfduisend keer sien gebeur vanmiddag. Toe twee sterflike hande brood geskep en vis gaargemaak, en meer as vyfduisend mense gevoed het, ek wil vandag verseker dat hierdie Man van God is.”

13 Dan moes dit Simon Petrus gewees het, hy het gesê: “Jare gelede, toe ek en my vader…En baie van julle broers het my vader geken, geweet dat hy ’n godsdienstige man was, hy was ’n, die strengste van ons denominasie, hy was ’n Fariseër. Ons het geglo, as Fariseërs, dat God elke Woord bedoel, ons moet daardie Woord hou. My vader was ’n groot, streng man, hy het geglo dat God Sy Woord gehou het.

14 “Baiekeer het ek gedink sedertdien, dat wanneer hy my sou neem laat in die aand, wanneer ons visvang verby was, en my spiertjie gryp en dit optrek, en sê: ‘Simon, jy’s so sterk soos yster,’ dan my hare agteroor vee en my druk teen sy bors, wanneer ek hom sou druk, en kyk na sy oë wat dof word van ouderdom, sou hy sê: ‘Simon, gaan sit, ek wil net ’n bietjie met jou praat. Ek word oud, Simon, en eendag sal ek moet vertrek, ek sal my boot, my nette, by jou moet agterlaat. Jy, ook, sal in hierdie see visvang, soos ek het. En jy, ook, sal waarskynlik dieselfde sinagoge bywoon wat ek het.

15 “‘En ek het probeer om in jou klein, Joodse hartjie te vestig dat ek al die dae van my lewe, gesoek het na Een wat sou kom, maar Hy lyk nou verder weg as ooit, maar miskien, sal Hy in jou dag kom, Simon. En as Hy nie in jou dag kom nie, leer jou seun. Daar sal baie verguldsel wees in daardie dae.

16 “‘Maar, Simon, onthou altyd wat die profeet gesê het, want ons as Israeliete glo ons profete, en die profeet Moses het gesê dat wanneer hierdie Messias sou kom, dat Hy ’n Profeet soos hy sou wees. Nou, Hy sal nie ’n opvoeder wees nie, Hy sal nie een of ander groot teoloog wees nie, maar Hy sal ’n Profeet wees, want Moses het gesê: “Die Here, julle God, sal ’n Profeet oprig soos wat ek is.” En onthou, wanneer jy hierdie Messias sien kom, sal dit die teken wees dat dit Hy is, want Hy sal die God-Profeet wees, Hy sal God wees in die vorm van ’n profeet, en daardeur sal jy weet.’

17 “En toe my broer, Andréas, afgegaan het na hierdie dienste en my vertel het dat daar ’n Geneser van Galiléa was, wat die siek mense genees deur gebede, o, het ek nooit veel daaraan gedink nie. En hy het my oorreed om af te gaan en te luister na hierdie Een wat Jesus van Násaret genoem word. Andréas het alreeds in Hom geglo as die Messias, maar vir my, ek het gebly by my visnette.

18 “En toe, eendag, het ek die diens bygewoon. En toe ek my boot verlaat en met die wal afgegaan het na waar Hy was, en in Sy Teenwoordigheid ingestap het, sonder dat Hy my geken het, het Sy oë gedraai soos ligte, wat skynbaar elke hoek van my siel deursoek, en vir my gesê: ‘Jou naam is Simon, en jy’s die seun van Jona.’

19 “Toe het al my pa se onderrigting voor my geflits, hierdie was waarlik daardie Messias, want Hy was ’n God-Profeet, nie net het Hy my by die naam geken nie, maar Hy het daardie goddelike, ou vader van my geken, want Hy het gesê: ‘Jy is die seun van Jona.’ Van daardie dag af, het ek Hom gevolg sonder een twyfel in my gemoed. Maak nie saak wat die wêreld van Hom sê, wat ons mense sê nie, vir my, Hy, van daardie uur af, was Hy die Messias.”

20 Johannes het gesê: “Toe ek Hom gesien het, uit ’n Bybelstorie, Homself vandag assosieer met die skep van brood en vis, het ek geweet Hy moes daardie Messias wees, Hy moes wees.”

21 Dan reg agter, sou ek glo, na die agterkant van die boot, die boot het gedryf op hierdie tyd, want skemer het begin neerdaal, en hulle het, wat ons vandag sou noem, hulle asem geskep deur hulle harde trek aan die roeispane, dit moes Filippus gewees het wat gesê het: “Broers, julle moes by my gewees het. Nadat ek Hom daardie dag gesien het, wat daar staan en vir jou sê, Simon, dat jou naam *Simon* is, en Hy dit verander het na *Petrus*, wat ons jou nou noem, praat van jou vader, wat ek geken het, toe was ek *so* oortuig, dat ek almal wou vertel.”

22 En, julle weet, vriende, om te stop in ons dramatjie, daar is iets daaromtrent, wanneer jy eenmaal oortuig word dat dit die waarheid is, jy nie kan stilbly nie, jy moet iemand daarvan vertel. Daar’s iets waaroor jy net nie kan stilbly nie, dis Lewe, en jy wil hê almal moet dit weet.

23 En hy het gesê: “Jy weet, ek het ’n vriend gehad, ons broer nou, geliefde in die Here, Natánael, en hy was omtrent vyftien myl weg van waar die dienste aan die gang was, en ek het om die berg gestap. Uiteindelik, het ek by sy huis gekom, en aan die deur geklop, en sy pragtige vrou het na die deur toe gekom, en ek het gevra waar Natánael is.

“En sy het gesê: ‘Filippus, hy neem ’n wandeling buite in die tuine.’

24 “En ek het uitgegaan in die tuine, en ek het iemand daar oorkant onder ’n boom gehoor, en hy het so gebid: ‘O, Groot Jehova, ons het verlang en verlang na die tyd dat U vir ons verlossing sou stuur. Sal U nie asseblief nou die—die Verlosser stuur nie? Soos U Moses gestuur het toe U mense in die moeilikheid was, stuur nou vir ons hulp.’

25 “En ek was so meegevoer om hom te vertel dat Hulp gekom het, dat ek selfs vergeet het om baie te sê toe hy opgestaan het van sy knieë af, ek het gesê: ‘Kom, kyk Wie ons gevind het, die

Messias, Jesus van Násaret, die seun van Josef!' Ek kon net nie tyd neem om hom enigiets anders te vertel nie. Dit was *so* op my hart, ek moes dit net uitbasuin."

26 Dis hoe God 'n hart beetkry wat regtig oortuig is, jy kan net nie stilbly nie, jy moet iemand vertel, jy kan dit nie wegsteek nie. Om 'n kers aan te steek en dit onder 'n mandjie te sit, help niks nie, jy moet jou Lig laat skyn.

27 En hy het vinnig by die punt gekom, en gesê: "'Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret.' En natuurlik, julle broers weet dat Natánael altyd nogal 'n teoloog was, en hy het gesê: 'Nou, wag net 'n bietjie, Filippus, ek ken jou vir baie jare, en ek—ek het gedink jy is 'n goeie, verstandige, standvastige man. Maar nou, jy bedoel nie dat jy net meegevoer is in een of ander opgewerktheid, of een of ander diep kant, en verdwaal het hierbuite saam met een of ander fanatiese *sogenaamde* Profeet nie! As daar enige Messias moes wees, dink jy nie dat die hoëpriester daarvan sou weet nie? Dink jy nie dat Hy na ons denominasie sou kom, en ons daarvan sou vertel het nie?'"

28 Maar julle weet, soos dit toe was, so is dit vandag. Iets wat God stuur, dit moet na ons denominasie toe kom, of dit—dit is net nie reg nie. Maar God stuur dit gewoonlik buite elke denominasie, en verwar die hele bemanning, vir hulle wat soek en wag vir iets.

29 So, hy het gesê: "Ek het vir hom die storie aangehaal, en hy het gesê: 'Nou, Filippus, jy weet daar's niks goeds wat uit Násaret kon kom nie.'"

En Filippus, dink ek, het hom die beste antwoord gegee wat ek ooit gehoor het: "Moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom, kyk self."

30 Dis 'n goeie ding, wanneer mense sê dat die Heilige Gees nie vandag onder die mense beweeg nie, dat dit emosie is, dink ek die beste antwoord is: "Kom, kyk self. Kyk wat gebeur."

31 Wanneer manne van alle vlakke van die lewe, goddeloses, dronkaards, prostitute, en alles, opgerig en gereinig deur die Bloed van Jesus Christus en heiliges gemaak is, verg dit meer as sielkunde, of—of menslike teologie, of, dit verg die krag, die wedergeboortekrag van die Heilige Gees om 'n man se siel te verander, sy gedagte, sy manier van lewe.

32 En hy het gesê: "Natánael het gereed gemaak, broers." En die bootjie, natuurlik, wat net dryf, donker word. En hy het gesê: "Natánael het sy pad soontoe gevind, en ek het hom van jou vertel, Simon. En vir hom gesê dat hy jou onthou het, dat hoe ons keer op keer vis by jou gekoop het, en selfs van jou vader, dat jy nie 'n geleerde man was nie, dat jy nie eens 'n strokie kon teken vir 'n kwitansie vir die visse nie, maar dat jy genoeg geweet het om te weet dat Dit die Messias was, want jy het geweet God

het belowe dit sou die teken van die Messias wees, en jy het dit geglo.

33 "En—en toe ek hom in die Teenwoordigheid van ons liewe Heer ingebring, en ek opgestap het in die ry na waar Hy vir die siekes gebid het, sodra Hy in die gesig van Natánael gekyk het, het dit weer herhaal, Hy het gesê: 'Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!'

34 "En dit het Natánael so verstom, hy het gesê: 'Rabbi, wanneer het U my ooit geken?'" Met ander woorde: "U het my nog nooit in U lewe gesien nie. Hoe het U geweet dat ek 'n Israeliet is?"

35 Nou, Hy sou dit nie geweet het aan die manier wat hy aangetrek was nie, want die Palestynse mense trek baie dieselfde aan, en hulle het soort van 'n donker gelaat gehad, en hulle het baarde gedra, en hulle tulbande, en hulle klere, ensovoorts.

"So, Hy het geweet hy is 'n Israeliet: 'Hier is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!'

"Hy het gesê: 'Wanneer het U my geken, Rabbi?'

"Hy het gesê: 'Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.'

36 "Dit het dit afgehandel. Van daardie dag af, broers, weet julle almal dat Natánael 'n stoere gelowige was, want hy het op sy gesig geval, en gesê: 'Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.'

37 "Sy tekens en wonders het ons verstom. En ons weet deur Sy optrede, en wat Hy sê, want dit gebeur wat Hy sê. Hy's nie 'n mens wat net oor iets praat nie, Hy's 'n Man wat produseer waarvan Hy praat." Hoe bly is ons vandag, dat Hy steeds doen waarvan Hy in Sy Woord praat!

38 Ek het die Koran in een hand gehou, en die Bybel in die ander een voor duisende maal duisende van Mohammedane, en gesê: "Hulle kan nie albei reg wees nie, want hulle is teenstrydig met mekaar. En laat die Een wat sal spreek, en optree, en doen wat Hy gesê het Hy sou doen, laat dit die Een wees wat God is, laat die Een wat Sy Woord hou. Want as Hy ooit God was, is Hy steeds God.

39 "Hy kan nie verander nie, want Hy is—Hy is onsterflik, en Hy's oneindig, alwetend, alomteenwoordig, en Hy kan nie verander nie, Hy's die onfeilbare God, en net soveel vanaand as wat Hy toe was, en sal altyd dieselfde wees. Hy kan nooit verander van wat Hy is nie, want Hy's volmaak, daarom, kan jy gerus wees dat wanneer Hy enigiets in Sy Woord sê, lê jou lewe dat dit die waarheid is."

40 Want, as God ooit op die toneel geroep word om 'n besluit te neem, is Sy besluit volmaak, Hy kan nooit teruggaan in 'n ander tydperk, en sê: "Ek was verkeerd," nie. Want, ons kan dit doen, want ons is eindig, en ons maak foute, maar Hy's oneindig, en kan

nie 'n fout maak nie. So daarom, as God op die toneel geroep is vir 'n man wat verlore was in die tuin van Eden, Hy 'n voorbereiding gemaak het vir daardie man om gered te word, en hom gered het, en op daardie selfde basis, daardie selfde voorbereiding, in die gestorte bloed van 'n onskuldige slagoffer, sal God elke sondaar red wat na Hom toe kom.

41 As 'n man siek na Hom toe gekom het, en genesing wou hê, hy verby die hulp van dokters ensovoorts was, en God op die toneel geroep het, en Hy het daardie man genees op grond van sy geloof in Hom, wanneer die volgende man geroep word, sal God op dieselfde manier optree, as Hy nie het nie, dan het Hy verkeerd opgetree toe Hy die eerste keer opgetree het. Sien? So Hy kan nie een keer 'n Geneser wees, en nie weer 'n Geneser nie. Hy kan nie 'n God van wonderwerke een dag wees, en nie 'n God van wonderwerke in die volgende dag nie, want die Bybel het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Hy's nog steeds God.

42 En as jy die regte verstandelike gesindheid sal inneem teenoor enige belofte . . . Wanneer jy dit in die Bybel lees, is dit die waarheid, maak nie saak hoeveel dit op 'n ander tydperk probeer plaas nie: "Dis in die verlede, of 'n tydperk wat in die toekoms is." Hy het nooit verklaar Hy was die *Ek was* nie, Hy's die *EK IS*, altyd.

43 Nou, dit moes omtrent daardie tyd gewees het dat Andréas, wat langs Simon gesit het, soos wat ons saam is, as vanaand, ek sou sê: "Ek wil graag 'n getuienis hê van iemand wat gered is deur Sy genade," wel, ons sou die diens om twee-uur in die oggend moes stop, almal wil sê wat hulle van Hom weet, as julle Hom ooit geken het.

44 O, daar's iets daaromtrent wat jy vir almal wil vertel, want jy weet waarvan jy praat, dis nie een of ander deurmekaar, halfpad geloof in iets nie, dis iets wanneer jy Christus as jou Verlosser ontvang en die Heilige Gees in jou lewe ingekom het, jy weet iets het gebeur, want jy was daar, en dit was jy waarmee dit gebeur het. As jy ooit genees is deur die krag van God, is daar niks in die wêreld wat dit ooit uit jou verstand kan wegneem nie, hulle kon dit nie wegverduidelik nie, want jy *weet*.

45 Ek dink elke persoon wat uitgaan om die Evangelie te preek, moet nooit gaan totdat hulle 'n persoonlike ondervinding van die doop van die Heilige Gees het nie. Ek glo dit was die kwalifikasie wat Jesus vir hulle gegee het, "Bly in die stad van Jerusalem, totdat julle toegerus is met krag, dan sal julle My getuies wees, in Jerusalem, Judéa, Samaria; en Shreveport, Louisiana," as dit so sou lui. Ek hoop nie dit klink ontheiligend nie, maar julle weet wat ek daarmee bedoel.

46 Geen persoon, maak nie saak hoe goed jy geleerd is, hoe slim jy in die Bybel is nie, die duiwel is twee keer so slim as wat jy

is. Ja, meneer. Hy kan Dit verdraai en jou laat lyk soos Ned in *Die Eerste Leesboek*, as hy wil, hy kan beslis. Maar as jy ooit 'n ondervinding gehad en God van aangesig tot aangesig ontmoet het, is daar nie genoeg duiwels in die hel om dit van jou af weg te neem nie, want jy *weet* waarvan jy praat.

47 Moses met al sy opleiding, hy kon selfs die Egiptenare teologie leer, hy het nie teruggegaan na Egipte nie, en God het hom nie teruggestuur om sy wiskunde op te knap, of sy oorlogstrategie nie, Hy het hom nooit weer teruggestuur om nog 'n graad in die kollege te kry nie, maar Hy het hom ontmoet by 'n brandende bos op die heilige sand agter die woestyn, en hom 'n ondervinding gegee wat jy dit nie van hom kon wegverduidelik nie.

48 Met al sy teologie, het hy 'n fout gemaak, en hy het weggehardloop van God af, maar toe hy God van aangesig tot aangesig ontmoet het, het iets met hom gebeur dat hy gereed was om terug te gaan Egipte toe. Maak nie saak wat die omstandighede was nie, hy was op sy pad, want hy het 'n ondervinding gehad, hy het geweet waarvan hy praat. Dis hoe dit is met elke gelowige wat die Heilige Gees ontvang het.

49 Daarom, sou ek vanaand sê, daardie dissipels in daardie skuitjie, was soos ons hier sou wees vanaand, almal van ons vir iemand wil vertel, 'n ondervinding gee, ons wil dit graag in detail vertel, dis hoe hulle was.

50 So dit moes Andreas volgende gewees het, hy kon net nie langer stilbly nie. Hulle het klaar die roeispane in die boot ingetrek, en waarskynlik het dit toe gedryf, dit het donker geword, en hy het gesê: "Broers, wat kon ons almal hiervan sê? Onthou julle die tyd wat ons na Jérigo toe gegaan en Hy gesê het Hy moes deur Samaria gaan? En ons wonder: 'Waarom sou Hy opgaan na daardie Samaritane?'

51 "Maar toe Hy by die stad gekom het, en, het Hy gaan sit by die put, en ons weggestuur in die stad in om 'n bietjie kos te kry. En toe ons terugkom, onthou julle, almal van ons is getuies hiervan, ons het naby gekom en Hom hoor praat? En ons was almal verwonderd hieroor, ons Here met 'n vrou sou praat soos wie met Hom gepraat het. Maar ons het die gesprek gehoor toe ons ingeluister het om agter die bos te luister, of, agter die muur, toe Hy vir haar gesê het, gesê het: 'Vrou, bring vir My water om te drink.'

52 "En sy het gesê: 'Dis nie gebruiklik vir julle Jode, om vir 'n Samaritaan, 'n vrou van Samaria, 'n guns te vra nie. Ons het segregasie, ons het niks met mekaar te doen nie.

53 "Maar Hy het vir haar gesê: 'Maar as jy geweet het Wie met jou praat!'" O, daar is dit: "As jy geweet het Wie met jou praat!"

54 Ek is seker as elke sondaar hierbinne, wat die Teenwoordigheid en hierdie atmosfeer van saamsit vanaand

in Hemelse plekke in Christus Jesus voel, en daardie klein *gevoeletjie* wat vir jou sê, "As jy geweet het Wie dit is wat met jou praat! Jy behoort hierdie ondervinding te hê."

55 "Miskien is daardie mense reg, as," jy in jou hart dink: "dis God wat praat." As julle net geweet het Wie Dit was!

56 "'As jy geweet het Wie Dit was wat praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, en Ek sou vir jou Waters gee wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie.'

"En sy het gesê: 'Die put is diep, en U het niks om mee te skep nie,' ensovoorts.

"Maar Hy het gesê: 'Die waters wat Ek gee, is Lewe wat opspring, ewigdurende Lewe.'

57 "En toe het die vraag ontstaan deur godsdienstige debat, waar jy kerk toe moet gaan. Gesê: 'U sê, ons behoort almal Jerusalem toe te gaan, en ons vader, Jakob, het hierdie put gegrawe, en sy vee daaruit laat drink, en sy familie, en—en ons aanbid in hierdie berg, en U sê by Jerusalem.'

58 "En vinnig het Hy gesê: 'Nie in hierdie berg, of by Jerusalem nie, maar God is 'n Gees, hulle wat Hom aanbid, moet Hom aanbid in Gees en die waarheid, Gees en waarheid.' En Hy het toe gesê, toe Hy haar gees gekontak en gevind het wat haar probleem was, het Hy gesê: 'Gaan haal jou man, en kom hiernatoe.'" [Leë kol op band—Red.]

"'Wie is U?'

"En Hy het gesê: 'Ek is Hy wat met jou praat.'

59 "Dit was nie nodig om meer te sê nie, sy was oortuig dat Dit die Messias was wat belowe was van die Ou Testament." [Leë kol op band—Red.] "Sy het al die dinge van die wêreld vergeet, selfs haar waterpot daar laat staan, in die stad ingehardloop, en gesê: 'Kom, sien 'n Man, wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?' En die manne van die stad het in Hom geglo, as gevolg van die vrou se getuienis."

60 Wonder of die manne van Shreveport in Hom sou glo vanaand, of Hy, wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, na die Lewe Tabernakel toe sou kom, en die dinge sou doen wat Hy toe gedoen het. Ek wonder of ons so oortuig sou wees, dat ons ons buurman kon vertel, en vir die mense sou sê: "Kom, sien 'n Man, Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

61 Wonder dan, of dit dan vertel kon word dat "Hierdie is waarlik die Messias. Dis hierdie Heilige Gees waarvan hulle praat, wat die wêreld 'n fanatisme noem, Dit is bewys om dieselfde Messias te wees, met dieselfde tekens, en dieselfde wonders, en dieselfde krag, en dieselfde verlossing."

62 Wonder of dit so gesê kan word. Dit sou 'n groter beskutting wees as al die bomskuilings wat jy kon bou. Dis reg. Dit sou 'n wegrapingsondervinding wees.

63 O, hulle was almal oortuig. Dit moes omtrent daardie tyd gewees het wat dit donker geword en Satan hulle alleen gesien het, sonder Hom.

64 Nou, dis net wat die duiwel wil hê, is om die kerk sonder Christus te sien. Ek gee nie om wat jou naam is, hoeveel jou naam in goue letters is: "Ons is die heilige kerk, ons is *hierdie,*" nie. Dis nie heilige kerk nie, daar's nie so-iets soos heilige kerk nie, daar's glad nie so-iets soos heilige berge, heilige voorwerpe, of selfs heilige mense nie, dis Heilige Gees in die mense wat die *heilige* deel maak, Heilige Gees.

Sê: "O, hy's 'n heilige man."

Hy's nie 'n heilige man nie, dis die Heilige Gees in die man.

65 Ek het altyd soort van verskil van die gesegde: "Die Handelinge van die apostels." Dit is nie die handelinge van die apostels nie, hulle was mense, dit was handelinge van die Heilige Gees *in* die apostels, wat die groot oorwinning voortgebring het.

66 En toe Satan die kerkie sonder Christus gesien het, toe het hy gesê: "Hierdie is my geleentheid. Dit is die tyd wanneer ek hulle sal leer hoe om my te laster!" En hy het 'n storm begin afblaas met sy asem, op die see.

67 En die skuitjie was net op die punt om te sink, miskien, in die Galiléa daar, die golwe was so erg dat hulle amper tot op die bodem gegaan het. En miskien, op elke glinsterende golf, en elke weerlig, tyd wat dit geflits het, sou die duiwel daarbuite lag, en sê: "Ek het hulle nou, want hulle het weggegaan sonder hom."

68 Ek het eenkeer iets daaroor gesê, en iemand het my na die tyd gekorrigeer, gesê: "Maar, Broer Branham, Hy het hulle gedwing om sonder Hom weg te gaan."

Ek het gesê: "Ja, maar hulle het verkeerd gedoen deur dit te doen." Ek het gesê: "Toe Elía en Elisa, wat die tipes was, Christus vir die Kerk . . . "

69 Elisa het 'n dubbele porsie van die Gees geneem, "Hierdie dinge wat Ek doen, sal julle doen, en groter as hierdie sal julle doen." Wanneer die kleed wat op Hom was, die Heilige Gees op Hom was, op die Kerk val, want Hy was net een Man, Kerk is universeel: "Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na die Vader." En Elisa het meer daarvan geweet, as 'n profeet, as wat die kerk vandag weet.

70 Elía het gesê, toe hulle saam was, het hy gesê: "Bly jy hier, die Here het my daar na oorkant toe geroep. Ek gaan op na die skool van die profete."

71 Maar Elisa, soos die Kerk vandag behoort te wees: "Soos die Here God leef, sal ek jou nie verlaat nie." Want hy het 'n—'n doelwit in sy gedagte gehad, en sy motiewe was beslis reg.

72 Toe hy by die skool van profete gekom het, het hy gesê: "Bly jy hier, die Here het my na die Jordaan toe geroep."

73 Hy het gesê: "So waar as die Here lewe, en u siel nooit sterf nie, gaan ek u nie verlaat nie." Hy kon hom nie verlaat nie, hy het reg by hom gebly, albei oë op hom, aan hom vasgehou.

74 Dis wat die Kerk vandag moet doen, maak nie saak wat kom of gaan nie, hou vas aan Hom. As die Kerk afkoel, maak nie saak wat plaasvind nie, hou vas aan God se onveranderlike hand. Kry 'n houvas op Gólgota, en bly daar. Dis die manier om iets van God te kry. Hou daaraan vas, moenie dat die duiwel jou afskud nie.

Daardie dissipels behoort te sê: "Waar U gaan, gaan ek."

75 Soos Rut vir Naómi, die Moabiet: "Laat jou volk myne wees; waar jy sterf, sal ek sterf; waar jy begrawe word, sal ek begrawe; waar jou God is, ek, sal dit my God wees. Ek gaan by jou bly."

76 Dis hoe sy vir Boas gewen het; dis hoe die Kerk vir Christus wen. Ongeag, van wat die wêreld te sê het. Sê: "Jy het afgegaan aan die diep kant, jy het *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen," bly by Christus, hou vas aan Hom, bly daarby.

77 Satan het dit gesien, ek glo hy sien vandag. Hy het ons geseën, en o, goeiste, toe Pinkster die eerste keer begin val het, veertig jaar gelede, of meer, watter groot dienste ons gehad het! Maar julle weet, ons het *so* 'n bouprogram begin, ons moes skole kry, en kweekskole, en dinge, vir ons pastore, sodat hulle meer welsprekend kon wees, hulle leer om doktors te wees, en hulle algemene opsieners maak, en doktore van godsgeleerdheid, en al hierdie yslike groot name. Satan het dit alles gesien, en nou is die see onstuimig.

78 Hy sien die kerk het aangegaan na 'n groot bouprogram, of een of ander soort van 'n yslike groot uiterlike, soos daardie, en weggegaan sonder Hom, *klassiek*, styf geword. Wat ons vandag nodig het, is 'n outydse herlewing, weer 'n krag van die Heilige Gees, terug in die kerk. God weet ons het dit nodig in al die kerke, maar ons gaan af op die *klassieke*, wil optree soos die res van die kerke, die res . . .

79 Julle is 'n eienaardige volk, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n afgesonderde en uitgeroepte. God weet dat ons nodig het dat die kerk weer kom na die Heilige Gees. Selfs al moes ons, maak nie saak wat ons moes doen nie, Hom net nie verlaat nie, by Hom bly.

80 Partymaal beteken dit baie, partymaal kos dit jou iets. Enigiets wat jou nie iets kos nie, is nie werd om te hê nie. Alle groot dinge moet voor betaal word. Die rede waarom ons vandag

aanbid, vryheid van godsdiens op hierdie Dankseggingsdag, dit het die bloed van baie Amerikaners gekos, miljoene van hulle, dis iets werd. En as dit iets werd is, is dit die moeite werd om voor te sterf. En hierdie godsdiens wat ons het, hierdie Pinkster Heilige Gees wat op ons geval het, 'n herrese Jesus Christus lewendig na negentienhonderd jaar na ons toe terugbring, is al ons tyd werd, en ons pogings, en alles wat ons doen, Dis alles werd vir ons.

> U die Stroom van al my troos, (sê Fanny Crosby)
> Meer as lewe vir my,
> Wie het ek op aarde behalwe U?
> Of wie in die Hemel behalwe U?
>
> Gaan my nie verby nie, O liewe Heiland.

Sekerlik, ons moet dit terugkry, en vashou aan Hom.

81 Die dissipels het gesien dat daar geen hoop was nie. Ons is net omtrent by daardie plek vandag. Al ons groot, goeie, miljoen-dollar VN's, en VN's van kerke, en miljoen-dollar kerkgeboue, ensovoorts soos daardie, een klein atoombom sal die hele ding wegvee. Dis reg. "Maar o, kom koop by My," het Jesus gesê: "Olie, wyn, goud gelouter in die Vuur." Wanneer die wêreld uitbrand, wil ek iets hê wat dan sal staan, ek wil iets hê:

> Rots van die Eeue, geklief vir my,
> Laat ek myself verberg in U.

Laat my in U skuil.

82 Charles Wesley, glo ek, toe hy geloop het, en 'n storm wat opgesteek het, en 'n voëltjie het in sy boesem ingevlieg. Hy het inspirasie probeer kry vir 'n lied. En hy het dit in sy klein hutjie ingeneem, en dit gehou totdat die storms verby was. Toe hy uitgegaan, dit op sy vinger gehou en dit weggevlieg het, toe het hy daardie lied geskryf. Verberg my in die Rots van die Eeue.

83 Nou, toe, toe hy gesien het . . . hulle dit gesien het, het Satan sy giftige asem begin blaas, en hy het hulle begin ontstel. Die skuitjie het net omtrent vergaan.

84 En ek wonder vanaand in ons klein skuitjie, soos ons oor die lewe se onstuimige see seil, as miskien, Satan jou reis ontstel het, 'n kanker op jou geplaas het, jou 'n liefde vir die wêreld gegee het, jy weggedwaal het van God, jou iewers ontstel, probleme ingekom het, alle hoop om ooit te lewe, verlore is.

85 Maar julle weet, soos dit toe was, so is dit nou, Jesus het nie te ver weggegaan nie. Ek glo Hy het op die hoogste heuwel geklim wat daar in die land was, sodat Hy, hoe hoër jy opgaan hoe verder kan jy sien, Hy het tot bo-op die heuwel geklim sodat Hy hulle kon dophou. Die heeltyd wat die probleme opgekom het, het Hy daarbo gesit en hulle dopgehou.

86 En ek sê julle, toe Hy, hulle Hom doodgemaak het in die stad van Jerusalem en Hom begrawe het in 'n geleende graf, maar op Paasoggend toe Hy uitgekom het, het Hy begin klim. Hy het

verder opgeklim bo die maan, die sterre, totdat Hy gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit Omhoog, "En Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou my dop," het die digter gesê.

87 En ek sien hierdie dag naderkom toe die profeet gesê het: "Daar het 'n dag gekom in hierdie laaste dae, dat dit nie nag of dag sou wees nie, net somber, maar," het hy gesê: "dit sal Lig word in die aandtyd."

88 Nou die ligte, die son kom op in die ooste, dit sak in die weste, die s-o-n; en die S-e-u-n het ook in die ooste gekom, op die Oosterse mense, het 'n Pinksterherlewing uitgeskyn, tekens en wonders van Sy opstanding het onder hulle verskyn, die werke wat Hy gedoen het, het hulle ook gedoen, Hy het dit vir hulle gesê. Johannes 14:7, dink ek is dit, het Hy gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. 'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien," *julle*, die Kerk, die gelowige: "julle sal My sien."

89 Hy het belowe dat Hy altyd met hulle sou wees, selfs tot aan die einde van die wêreld. "Ek sal julle nooit begewe of julle verlaat nie. Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie."

Hoe ver?

"Die hele wêreld."

Aan wie?

"Elke skepsel. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hy's steeds dieselfde Christus.

90 Toe het daar 'n dag toe gekom, daar het 'n dag verbygegaan, 'n tydperk, 'n somber dag, soos dit raak hier onder in Louisiana en Arkansas, regoor die land, mistig, kan nie die son sien nie, tog weet ons die son gee lig. Ons het genoeg Lig gehad om denominasies te maak, ons het genoeg Lig gehad om by die kerk aan te sluit, ons het genoeg Lig gehad om Hom as Verlosser te aanvaar, maar die profeet het gesê die Seun sou skyn in die laaste dae, in die laaste ure: "Dit sal Lig word in die aand."

91 Nou die son sak, dit het opgekom oor die Oosterse mense, en dit sak oor die Westerse mense. En dieselfde son wat geskyn het op die ooste, sak op die weste; soos dit opkom in die ooste, gaan dit onder in die weste, dieselfde son. En ons lewe in die laaste dae, dat wanneer die dag gekom het waar dieselfde Seun, dieselfde S-e-u-n, dieselfde krag van die Heilige Gees val op die Westerse mense, soos dit geval het op die Oosterse mense, wat dieselfde Evangelie Lig wys, nie teologieë nie, nie kerkorganisasies nie, nie aansluit nie, maar 'n krag, bewys van die opstanding, en Sy krag van genesing, en tekens en wonders van Hom wat onder hulle is in die laaste dae. "Dit sal Lig word in die aandtyd." Ons is hier, ons het gearriveer.

92 Die Ooste het so ver gegaan, beskawing het gekom uit die ooste op pad na die weste, ons is nou aan die Weskus, ons enigsins verder gaan, sal ons weer by die ooste wees. Ons is by die eindtyd, die skuite verkrummel, beskawings verkrummel, kerke verbrokkel.

Daardie lied wat jare gelede geskryf is:

> Nasies verbrokkel, Israel ontwaak,

Sy is nou ’n volk, van haar eie, Israel is in haar tuisland.

> Die tekens wat die profete voorspel het;
> Die Heidense dae getel, met gruwels wat wag;
> “Keer terug, O verstrooides, na julle eie.”

93 Hierdie is geen tyd om af te koel nie, hierdie ’n tyd om warm te word, hierdie is ’n tyd vir biduur. Ons gaan die Laodicése tydperk binne. Dis tyd om na God toe te kom, tyd vir herlewing.

94 Toe ek Broer Lyle daar ’n tydjie gelede ontmoet en hy gesê het: “Broer Branham, daar’s nou teken van ’n herlewing in elke diens hier,” dank God, dis wat ons wil hê. “O Here, stuur die krag net nou.” Ons wil ’n herlewing hê, nie ’n aansluiting by kerke nie, maar ’n herlewing. Herleef wat in ons is.

95 Daardie dissipels, laat ons nie dieselfde fout maak wat hulle gemaak het nie. Toe daar geen hoop meer was nie, hulle gedink het hulle kon nooit weer ’n herlewing hê nie, hulle Jesus nooit meer in die lewe sou sien terwyl hulle hier was nie, maar reg in die donkerste uur, toe daar geen hoop meer was nie, het Hy na hulle toe aangestap gekom op die water.

96 Hy loop na ons toe vandag, loop op water, Openbaring 17:15 sê: “Die water wat jy gesien het, is digtheid en menigtes van mense.”

97 Wanneer ons Jesus Christus, die herrese Seun van God sien wandel, werk onder Sy mense, dieselfde dinge doen wat Hy destyds daar gedoen het, daardie dissipels, ensovoorts, het Hom herken as die Messias, dit het hulle harte geroer, dit behoort ons harte te roer. Maar laat ons nie die fout maak wat hulle gemaak het op die Galilése see daardie nag nie, die enigste Ding wat hulle kon help, die enigste Ding wat hulle kon red, die enigste Ding wat hulle kon verlos, hulle was bang Daarvoor, en het gedink Dit was ’n spook. Dis presies reg. Moenie dat ons dieselfde fout maak nie.

98 As Hy sal, Hy Wat alomteenwoordig is deur almagtig te wees, Hy wat nou weet en hoor, as Hy net onder Sy mense sal wandel vanaand, as Hy net die dinge sal doen wat Hy toe gedoen het, dat julle mag sien dat hierdie Evangelie wat ons verkondig, nie ’n mensgemaakte teologie is nie, dis nie ’n mensgemaakte teorie nie, maar dis die krag van die opstanding van Jesus Christus wat onder Sy mense wandel, moenie bang wees daarvoor nie, dis die enigste ding wat julle kan help.

99 Wanneer julle mense hoor sê: "Die dae van wonderwerke is verby, die Heilige Gees is nie soos Dit altyd was nie," moet dit nie glo nie. Christus het opgestaan uit die dood, Hy lewe vanaand. My gebed is dat Hy onder ons sal wandel vanaand, en optree, en die siekes genees, en dieselfde dinge doen wat Hy toe gedoen het, wat ons wys dat Hy met ons is, dat Hy dieselfde is. "Wees nie bevrees nie, Dis Ek."

O, sê: "Daardie man het 'n sterk verstand. Daardie vrou . . . "

100 Dis nie dit nie, dis geen sielkunde nie, al hierdie mense is gewone mense. En maak nie saak hoeveel Christus my sou salf nie, Hy moet julle ook salf, om dit te glo. "Baie wonderwerke kon Hy nie doen nie as gevolg van hulle ongeloof in Sy Eie stad." Hy moet julle salf net soos Hy my salf. As Hy vanaand sal kom, en ons almal salf, o, dis wat ek wil sien, is die salwing van die Heilige Gees in die Kerk, op die mense, Christus. Dan sal die mense sê . . .

101 Paulus het gesê, die groot Paulus het gesê: "As daar diegene onder julle is wat in tale praat, en niemand uitleg gee nie, as die ongeleerdes inkom, dan sal die ongeleerdes uitgaan en sê: 'Julle is almal mal.'" Met ander woorde, *mal*, almal praat in tale, en niemand om uit te lê nie. Maar gesê: "As daar 'n profeet is, en die profeet maak die verborgenheid van die hart bekend, dan sal hulle neerval, en sê: 'Waarlik, God is met julle.'" Want dit was altyd vir God se mense, dat die profeet, hulle dit geweet het.

102 Die Bybel het destyds daar gesê, God het gesê: "As daar 'n man onder julle is wat geestelik is, of profeet, sal Ek, die Here, Myself aan hom bekend maak. En wat hy sê, as dit gebeur, luister dan na hom." Dis waarom daardie Jode van daardie dag sonder 'n verskoning sal wees, want hulle het gesien wat Moses gesê het gebeur in Jesus Christus; wat Jesaja gesê het, wat die Ou Testament gesê het, bevestig word in Jesus Christus, en Hy was die Profeet, en Hy het die waarheid vertel, en God het Sy teken gewys. Maar natuurlik, ons weet dat hulle verblind moes word, want ons sou nie 'n kans gehad het nie, maar hulle was verblind dat ons 'n kans kon hê.

103 So as die Stam heilig was, en ons geënte wynstokke is, moet ons beter kyk hoe ons wandel. Laat ons nie kinders van die nag wees nie, laat ons in die dag wandel. En as die Heilige Gees vanaand sal kom, Jesus uit die dood opgewek het, Hy het belowe: "'n Klein tydjie, en die ongelowige sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek," en *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord, "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld," die voleinding. "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. En die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen."

104 Is dit nie 'n belofte nie? Dis 'n belofte, maar sal dit werk? Dis reg. As daardie werk, dan werk dit alles as Hy kan bewys Hy's

lewendig. En Hy kan bewys Hy's lewendig as jy Hom dit in jou sal laat bewys, en ek Hom dit in my laat bewys, dat, vir jou, en jy vir my, dat Hy lewendig is, dan wandel Hy onder Sy mense vanaand, op die water soos Hy toe het. Laat ons nie bang wees vir Hom nie, maar laat ons Hom glo.

Laat ons nou ons hoofde buig vir 'n woord van gebed.

105 O Here, Wat Jesus uit die dood teruggebring en Hom aan die Kerk voorgestel het om Homself gister, vandag, en tot in ewigheid dieselfde te verklaar, ons is so bly dat, om die wêreld, dat ons die heidene in die diens sien inkom het met 'n afgod in hulle hand, die toordokter met al sy towerspreuke, wat hulle probeer uitspreek, en hom verlam sien staan, verlam deur die Heilige Gees, die—die inboorling heiden aanbidder sy afgod op die grond sien breek, sê: "Laat daardie God my God wees," die God van krag, U is Jehova, die God van krag, die God van wonderwerke.

106 In ons eie tuisland, is ons so bly, Here, om selfs geleerdes en leraars te sien honger en dors. O, U het gesê: "Geseënd is hulle wat honger en dors, want hulle sal gevul word." En om te weet, vandag, dat groot manne Lig sien uitkom.

107 O God, ons is bly, vandag, om Israel in haar tuisland te sien inkom, 'n nasie, die ou ses-punt Ster van Dawid wat oorkant wapper, daardie Jode wat teruggekeer het, gesê het hulle het nooit teruggekom om in die tuisland te sterf nie, maar hulle het gekom om die Messias te sien. God, ons weet dan dat ons dae getel is. Ons hou dop, net soos Noag Henog dopgehou en geweet het onmiddellik na Henog gekom het, sou die oordeel die aarde tref, wanneer ons die ark van die Jood weer sien voorberei word, weet ons dat die wegneming op hande is. Ons wag, Vader.

108 En ons bid, vanaand, in hierdie groepie wat U ons gegee het, wat daar gestaan het totdat baie van hulle ledemate pyn, ek bid dat U hulle sal beloon, Here, vanaand, hulle sal seën. Daardie vroue en mans wat siek is en hulle kindertjies hier het, mag hulle net nou rustig raak, en weet dat—dat die hele wapenrusting van God bonatuurlik is, daar's niks natuurliks nie, dis alles bonatuurlik. Daarom, om 'n Christen te wees, moet ons die bonatuurlike glo, want: "Geloof is die vaste vertroue van die dinge wat ons hoop, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie." En die wapenrusting van God is liefde, vreugde, geloof, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, saggeaardheid, geduld, die Heilige Gees. Hulle is almal onsigbaar, maar hulle is werklik, hulle sterf nie, hulle lewe vir ewig.

109 Ons weet dat ons ons geliefdes liefhet, tot ons hulle in ons arms kon sit, ons kindertjies, en hulle omhels, en hulle druk, en tog, kan ons nie tevrede voel nie, ons wil ons siele in hulle siele intrek.

110 Ons kyk na die aarde wat vandag afkom, en sien die gras sterf, die bome wat sterf, en ek het gedink: “Ja, Here, en ek is sterwend, en die hele wêreld sterf, sekerlik, is daar een Wêreld iewers wat lewe.” Laat ons ons kompas en ons anker instel vanaand, wegseil soos ons losmaak van die hawe van hierdie aarde, om weg te vlieg in geloof na Hom Wat die belofte gegee het.

111 Nou, Vader, daar is gevra dat—dat ek ’n gebedsry sou hê vanaand, dat die mense U mag sien uitkom en die werke doen waarvan ons pas gepraat het. U het gesê: “As ’n man in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.” En, dit het die dissipels geweet dat daar die Messias was, en dit Sy teken was.

112 En U het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, en in die dae van Lot.” En ons besef dat toe die dae van Abraham, dat daar ’n moderne Billy Graham was wat afgegaan het in Sodom en die Evangelie gepreek en Lot uitgebring het, die natuurlike kerk, maar daardie geestelike Kerk, Abraham, Sara, daar was Een Wat by hulle gebly het Wat die teken van bonatuurlike gewys het.

113 Toe Hy Sy rug gedraai het na die tent, het Hy gesê: “Waar is Sara, jou vrou?” Hoe het Hy geweet dat hy ’n vrou gehad het? Hy het gesê Hy was ’n vreemdeling.

Gesê: “In die tent agter u.”

114 En Hy het vir hom gesê Hy sou hom besoek, volgens die tyd van die lewe, en Sara, binne-in die tent het gelag, in haar hart, en die Engel het gesê: “Hoekom het sy gelag?” Dit was ’n teken, net ’n klein rukkie voor die wêreld verbrand is.

115 U het gesê soos dit was in daardie dag, so sal dit wees in hierdie dag. God, U het steeds Engele, en ons besef daardie Engel is gemanifesteer in menslike vlees, want spoedig het Hy verdwyn in die teenwoordigheid van Abraham, en Abraham het Hom *Elohim*, God, genoem.

116 Nou, Here, kom na ons vlees en heilig ons vanaand, en wys dieselfde tekens wat U by Sodom gewys het, dat as daar ongelowiges staan, of iewers sit, dat hulle mag sien dat ons op die tyd is vir die Vuur, want dit was Vuur in die dae van Lot, toe hierdie Engel Homself bekend gemaak het. Stuur Hom vanaand, Vader, ons gee onsself oor aan U Heilige Gees, mag Hy die dinge doen wat Jesus gedoen het, soos Hy gedoen het voor Sy kruisiging.

117 En toe, toe Hy dit gedoen het, voor Kléopas en ’n ander dissipel, toe Hy hulle toegemaak het in die kamer, soos hulle op hulle pad huis toe gegaan het, het hulle gesê: “Was ons harte nie brandende in ons, terwyl Hy met ons gepraat het langs die pad nie?” Omdat Hy iets gedoen het soos Hy gedoen het voor Sy kruisiging, het hulle geweet dat Hy die herrese Here was.

118 Nou, Vader, doen dieselfde dinge vanaand onder ons waarvan daardie dissipels gepraat het in die skuitjie, waarvan ons vanaand gepraat het. Baie sal in die straat afgaan en sê: "Was ons harte nie brandende in ons, terwyl Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

60-1124 Dit Is Ek
Lewe Tabernakel
Shreveport, Louisiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org